

HOOFSTUK 11

11. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

11.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar kortliks 'n samevatting van die verskillende aspekte van die veld van ondersoek, wat in hierdie studie gedek is, gegee word. Daar sal eerstens verwys word na die probleemstelling en doelstellings van hierdie ondersoek. In die begripsbepaling sal verskillende vorme van gestremdheid aangetoon en die begrippe: opvoeding, onderwys, opvoedbaarheid, opleibaarheid en onopleibaarheid kortliks bespreek word. Verder sal verskillende terme, wat gebruik word om dié sindroom aan te dui, weergegee word. Die etiologie van Downsindroom en die kliniese diagnose met geboorte sal daarna kortliks saamgevat word.

Die persoonlikheidskenmerke van die Downsindroomkind sal verder beskryf word om so vanuit die literatuurstudie spesifieke agterstande en besondere vaardighede aan te toon. Die verskillende kategorieë van verstandelike en geestelike vertraagtheid sal kortliks uiteengesit word om aan te toon dat die kategorie opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind in hierdie studie bestudeer word. Die invloed van bepaalde terapeutiese prosedures op die ontwikkeling van die Downsindroomkind sal verder aandag geniet. Daarna sal die vraelys as ondersoekmetode gemotiveer en verskillende aspekte van die empiriese ondersoek bespreek word. 'n Samevatting van vraelysresponse met betrekking tot opleidingsgeleentheid, groeperingskriteria en 'n opleidingsprogram vir die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind word daarna aangebied. Ten slotte sal 'n aantal aanbevelings na aanleiding van hierdie studie gemaak word.

11.2 Probleemstelling (vergelyk par. 1.2)

Die belangrikste probleem wat in hierdie studie nagevors word, is die vraag of daar spesifieke agterstande en/of besondere vaardighede by die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomgroep in vergelyking met ander groepe opleibare geestelik vertraagdes bestaan. Hieruit kan die opleibaarheid van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind afgelei word.

11.3 Doel van die ondersoek (vergelyk par. 1.3)

Behalwe die ondersoek van die probleem wat in par. 11.2 genoem is, lê die volgende doelstellings die ondersoek ten grondslag: om die groeuperingskriteria, opleidingsgeleentheid en opleidingsprogramme wat deur die verskillende sentrums gebruik word, te ondersoek.

11.4 Begripsbepaling in die breë

11.4.1 Gestremdheid (vergelyk par. 2.2)

Hierdie begrip dui nie net op stremming in funksionering van die motoriek nie, maar ook op gestremdhede in sintuiglike, affektief-strewende, gedrags- en verstandelike fasette van menswees.

11.4.1.1 Motoriese gestremdheid (vergelyk par. 2.2.1)

Daar is motoriese gestremdhede wat by geboorte nog nie waarneembaar of selfs bepaalbaar is nie. Sekere gestremdhede het 'n erflike of endogene oorsprong, terwyl ander te weeg gebring kan word deur omgewingsfaktore, dit wil sê dit kan 'n eksogene oorsprong hê.

11.4.1.2 Sintuiglike gestremdheid (vergelyk par. 2.2.2)

Hierdie vorme van gestremdhede kan 'n genetiese oorsprong hê of veroorsaak word deur ongelukke of siektes.

11.4.1.3 Gestremdhede in die affektief-strewende lewe (vergelyk par. 2.2.3)

'n Vorm hiervan is psigopatisering, wat plaasvind wanneer die kind deur oorsake van buite in sy persoonlikheidsontwikkeling in so 'n mate ontspoor word, dat hy nie normaal in sy omgewing kan aan- en inpas nie.

11.4.1.4 Gedragsgestremdheid (vergelyk par. 2.2.4)

Hiervolgens wyk 'n kind in so 'n mate af van normaal aanvaarbare gedragswyses dat hy daardeur die akademiese vordering en persoonlikheidsontwikkeling van die ander kinders rem.

11.4.1.5 Verstandelike en geestelike gestremdheid (vergelyk par. 2.2.5)

Uit die Wet op opleiding van geestelik vertraagde kinders (Wet No. 63 van 1974) word afgelei dat die kind in die spesiale klas en spesiale skool as die verstandelik vertraagde bekend sal wees, terwyl na die onopvoedbare kind as die geestelik vertraagde verwys word. In die kategorie geestelik vertraag is daar ook die onopleibare geestelik vertraagde kinders, wat in inrigtings versorg word.

11.4.2 Opvoeding (vergelyk par. 2.3)

Die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind word opgevoed om met sy beperkte verstand God se beheersingsopdrag van die skepping na die beste van sy vermoë uit te voer en goeie sedelike en morele waardes te ontwikkel. Hierin word hy deur die onderwyser gelei.

11.4.3 Onderwys (vergelyk par. 2.4)

Onder die begrip onderwys word die oordra van skolastiese bekwaamhede in die gewone en spesiale skool verstaan. Daar kan daarom nie na die ontwikkeling van vaardighede in die opleidingsentrum as onderwys verwys word nie.

11.4.4 Opleiding (vergelyk par. 2.5)

Hierdie begrip dui in hierdie studie die oordra en ontwikkeling van nie-skolastiese vaardighede by die opleibare geestelik vertraagde aan. Die doel van hierdie opleiding is om die kind te lei tot sosiale aanpassing in die omgewing.

11.4.5 Opvoedbaarheid (vergelyk par. 2.6)

Opvoedbaarheid verwys hier na die vermoë van leerlinge om skolastiese bekwaamhede soos skryf, lees en reken te bemeester en met insig op nuwe situasies oor te dra.

11.4.6 Opleibaarheid (vergelyk par. 2.7)

Die opleibare geestelik vertraagde kind se denke funksioneer op die konkreet-aanskoulike vlak en kan nie die abstrakte vlak bereik nie. Opleibaarheid impliseer daarom 'n moontlikheid tot vordering in vaardighede soos selfsorg, kommunikasie, sosialisering en beroepsmatige aktiwiteite.

11.4.7 Onopleibaarheid (vergelyk par. 2.8)

Die kind wat geen vordering in die vaardighede, soos in par. 11.4.6 genoem, maak nie en ook nie daarin slaag om aan te pas in die huis en omgewing nie, is onopleibaar en moet in 'n inrigting versorg word.

11.4.8 Downsindroom (vergelyk par. 3.2.5)

Na die vergelyking van 'n paar terme: Mongolisme, Onvoltooide kind, Kon=genitale akromikrie, G1 Trisomie en Downsindroom is op laasgenoemde be=sluit, omdat dit die stigma, wat dikwels aan kinders met hierdie afwyking geheg word, voorkom en aan die behoefte vir 'n meer wetenskaplike term be=antwoord.

11.5 Etiologie van Downsindroom (vergelyk par. 3.3)

11.5.1 Endogene faktore (vergelyk par. 3.3.1)

Deur weefselkultuur- en periferaal bloedkultuur-studies is die kwantitatiewe en kwalitatiewe chromosoomsamestelling van die Downsindroomkind bestudeer en drie subtypes van Downsindroom onderskei:-

a. Trisomie 21

Wanneer chromosoom 21 drievoudig in plaas van tweevoudig verdeel, soos by normale persone, is Trisomie 21 as die mees algemene sub tipe van Down=sindroom die gevolg.

b. Translokasie

Wanneer een chromosoom van 'n paar aangeheg word aan 'n lid van dieselfde of 'n ander chromosoompaar, word hierdie verskynsel translokasie sub tipe genoem.

c. Mosaïese Downsindroom

'n Mosaïese Downsindroomkind het 46 chromosome in sekere liggaamselle en 47 chromosome in ander.

11.5.2 Eksogene faktore (vergelyk par. 3.3.2)

Wanfunksionering van die Pituïtêre en Tiroïde kliere lei tot 'n hormonele wanbalans in die moeder tydens swangerskap, wat kan lei tot die geboorte van 'n Downsindroomkind. Uit navorsing blyk dit dat 'n groot persentasie Downsindroomkinders uit moeders tussen die ouderdomme 30 en 45 jr. gebore word. Swak gesondheid en gebrek aan vitamien A tydens swangerskap is medeorsake van Downsindroom.

11.6 Kliniese diagnose met geboorte (vergelyk par. 3.4)

Alhoewel Downsindroom nie slegs op grond van 'n kliniese diagnose, sonder 'n sitogenetiese ondersoek, gediagnoseer kan word nie, is die fisiese stigmate baie duidelik merkbaar in die eerste lewensjare van die Downsindroomkind. Die mees opvallende aanduidings van die sindroom is die volgende: hipotonie, gebrekkige skedelontwikkeling, 'n kort plat neusbrug, 'n onderontwikkelde verhemelte, 'n klein orale opening met die tong wat uitsteek, kleiner tande as die normale kind van dieselfde ouderdom, skuins ooglede, 'n gespikkelde iris, klein oortjies, die vier-vinger-voulyn op die handpalms, groottone wat skeef groei, 'n kongenitale hartdefek en misvormde geslagsorgane.

In die laaste afdeling van hoofstuk 3 is die tipiese ontwikkelingspatroon van die Downsindroomkind van geboorte tot 6 jr. bespreek.

11.7 Persoonlikheidskenmerke van die Downsindroomkind

11.7.1 Intelligensie (vergelyk par. 4.2.1)

Die graad van verstandelike ontwikkeling berus op die mate van biologiese ryphed met geboorte en die gehalte en hoeveelheid opleiding en terapie in die vroeë kinderjare. Die verstandsouderdom van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind wissel tussen 3 en 5 jaar. Die Downsindroomkind mag in die eerste 6 maande na geboorte lewendig en intelligent voor-

kom, maar dan geleidelik deur sy normale maats van dieselfde geslag en ouderdom agtergelaat word.

Alhoewel enkele navorsers 'n verband tussen liggaamsbou, fisiese stig= mata en intelligensie aangetoon het, is meer navorsing in hierdie ver= band nodig voordat beduidende afleidings gemaak kan word. Omdat die Mosaïese Downsindroomkind minder abnormale liggaamselle het, is hierdie subtipo se ontwikkelingsmoontlikhede baie beter as dié van die ander twee subtypes, maar 'n vergelyking met betrekking tot intelligensie ver= eis ook verdere navorsing.

11.7.2 Emosionele response (vergelyk par. 4.2.3)

Alhoewel die Downsindroomkind bekend is as 'n liefdevolle en blymoedige mensie, is daar ook 'n klein persentasie wat aggressief en koppig is.

11.7.3 Sosiale aanpasbaarheid (vergelyk par. 4.2.4)

In die sosiale omgang is die Downsindroomkind baie nader aan sy normale ouderdomsmaat as ten opsigte van ander persoonlikheidseienskappe. Om= dat verskeie navorsers bevind het dat die Downsindroomkind se sosiale kwosient baie hoër as sy I.K. is, is hierdie ondersoek ook daarop inge= stel om die opleibaarheid van die Downsindroomkind met betrekking tot sosiale aanpasbaarheid te bepaal.

11.7.4 Nabootsing (vergelyk par. 4.2.5)

Die mees opvallende persoonlikheidseienskap is die vermoë tot nabootsing. Hierdie nabootsingsvermoë het nie alleen betekenis vir groepering van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind saam met kinders met hoër vermoëns as hy nie, maar ook vir die aanleer van selfsorg vaardighe= de deur nabootsing van identifikasiefigure.

11.7.5 Spraak- en taalontwikkeling (vergelyk par. 4.2.6)

Hipotonie kom by bykans alle Downsindroomkinders voor en is die oorsaak van stadige motoriese ontwikkeling. Spraak ontwikkel 'n jaar tot twee jaar nadat die kind leer loop het. Hipotonie is ook die oorsaak van gebrekkige gehoorsfunksionering, wat spraakontwikkeling voorafgaan.

11.8 Kategorieë verstandelike en geestelike vertraagdheid (vergelyk hoofstuk 5)

11.8.1 Opvoedbare of verstandelik vertraagde ... (I.K. 50 - 80) (vergelyk par. 5.2.1)

Die verstandelik vertraagde kind is dié een wat nie die pas kan volhou in die normale skoolprogram nie en daarom in 'n spesiale klas of spesiale skool geplaas moet word. Alhoewel daar Downsindroomkinders is wat in hierdie kategorie ingesluit kan word, vorder hulle baie stadig in vaardighede soos rekene, motoriese koördinasie, spraak en nie-visuele take.

11.8.2 Opleibare geestelik vertraagde ... (I.K. 30 - 50) (vergelyk par. 5.2.2)

Die kind in die opleidingsentrum is onopvoedbaar met betrekking tot skoollastiese vaardighede, maar het wel vermoëns tot ontwikkeling van selfsorg, kommunikasie, sosialisering en bepaalde beroepsmatige aktiwiteite.

11.8.3 Onopleibare geestelik vertraagde (I.K. 0 - 30) (vergelyk par. 5.2.3)

Die kind wat in so 'n mate geestelik vertraag is dat hy nie selfversorgend kan word nie, moet in 'n inrigting versorg word.

11.9 Terapie en Downsindroom (vergelyk hoofstuk 6)

11.9.1 Medisinale terapie (vergelyk par. 6.3)

- a. Tiroïde behandeling het 'n positiewe uitwerking op die droë vel, dik, geriffelde tong, growwe stem en traagheid. Die groei van die tande en bloedsirkulasie word ook deur Tiroïd toediening gestimuleer.
- b. Vitamine B12 word saam met ander medikamente toegedien om groei by die Downsindroomkind te stimuleer.
- c. Pituïtêre-hormoon behandeling is die belangrikste terapie om hierdie klier in sy werking om groeihormone af te skei, te stimuleer.

Benda het deur navorsing bewys dat die Downsindroomkind se verstandelike vermoë verhoog kan word deur medisinale terapie (vergelyk par. 6.4).

11.9.2 Musiekterapie (vergelyk par. 6.5)

Die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind het 'n besondere aanvoeling vir musiek en ritme. Die ouer en onderwyser moet van hierdie terapeutiese middel gebruik maak om die Downsindroomkind met betrekking tot growwe motoriese koördinasie en gehoorsfunksionering te stimuleer.

11.9.3 Spraakterapie (vergelyk par. 6.6)

Die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind se grootste agterstand is die vermoë om spraak te ontwikkel. Die nabootsingsvermoë van die Downsindroomkind is die belangrikste hulpmiddel in die aanleer van taal. Daaglikse terapie-sessies met oefeninge soos blaas, suig en kou help om tong- en lipbeweging te verbeter.

Enkele praktiese implikasies van die terapie vir die opleiding van die Downsindroomkind is in par. 6.7 bespreek.

11.10 Empiriese ondersoek (vergelyk hoofstuk 7)

11.10.1 Metode van ondersoek (vergelyk par. 7.2)

Ten opsigte van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind in die opleidingsentrums in Suid-Afrika, bestaan daar geen teoretiese raamwerk van spesifieke agterstande, besondere vaardighede en graad van opleikbaarheid of onopleikbaarheid nie. Die metode van ondersoek behels daarom die korrelering van literatuurgegewens, soos hoofsaaklik verkry uit navorsingsresultate van buitelandse navorsers, en vraelysresponse van die opleidingsentrums in Suid-Afrika.

Die samestelling, doelstellings, lengte van die vraelys, rangskikking van vrae, respondente, begeleidende en opvolgbrief is hierna in paragrawe 7.3 tot 7.3.6 bespreek.

11.10.2 Terugontvangstes (vergelyk par. 7.3.7)

By die uitstuur van die vraelyste is 70% terugontvangstes as minimum vereiste vir beduidendheid van resultate gestel. Na die uitstuur van die opvolgbriewe is 63% vraelyste terugontvang. Telefoonoproepe aan die oorblywende respondente het die totaal terugontvangstes op 71% te staan gebring en daar is dus aan die gestelde kriterium beantwoord.

11.11 Aanbieding van response (vergelyk hoofstukke 8, 9 en 10)

11.11.1 Voorkoms van opleibare geestelik vertraagde Downsindroom- en nie-Downsindroomkinders in opleidingsentrums wat die vraelys voltooi het (vergelyk par. 8.3)

Vraelyste is aan 31 opleidingsentrums in die Republiek gestuur (vergelyk tabel 8.1). Van die totale aantal sentrums is 71% (22) van die vraelyste terugontvang. In 21 opleidingsentrums (68% van die totale aantal) is 264 (20,3%) Downsindroomkinders en 1 037 (79,7%) ander opleibare geestelik vertraagdes, sodat die totale aantal op 1 301 te staan kom.

11.11.2 Beheerinstansies van opleidingsentrums (vergelyk par. 8.4)

Voor 1 April 1975 is 5% (1) van die beheerliggame (bestuurskomitees) van die opleidingsentrums deur kerklike verenigings en 55% (12) deur Geestesgesondheidsverenigings aangestel. 40% (9) van die opleidingsentrums het selfstandig gefunksioneer.

11.11.3 Skoolafdelings wat deur die verskillende opleidingsentrums ingestel is (vergelyk par. 8.5)

Die verskillende afdelings wat deur die opleidingsentrums ingestel is, is die volgende (die getal sentrums wat 'n bepaalde afdeling het, word tussen hakies aangedui): kleuterafdeling (10), aanpassingsklas (10), junior afdeling (12), senior afdeling (11). Die 4 sentrums wat geen gespesifiseerde skoolafdelings het nie, het almal minder as 10 opleibare geestelik vertraagdes.

11.11.4 Grootte van groepe in die opleidingsentrums, soos bepaal deur die getal personeellede (vergelyk par. 8.6)

In 68% van die totale aantal opleidingsentrums, wat die vraelys voltooi het, is daar 'n gemiddeld van 14 kinders in elke groep. Die ideale situasie is egter dat daar 'n maksimum van 10 kinders per onderwyser moet wees, omdat dit hom genoegsame geleentheid gee om ook binne die groep te differensieer en individuele aandag aan elke kind te gee.

11.11.5 Inrigtingversorging in teenstelling met tuisversorging (vergelyk par. 8.7)

Daar is bevind dat die grootste persentasie Downsindroomkinders, wat in 71% van die totale aantal sentrums is, in hul ouerhuis versorg word. Kriteria wat in ag geneem moet word by inrigtingplasing van die geestelik vertraagde, is die volgende: verhouding tussen ouers onderling, posisie van ander kinders in die gesin, effektiwiteit van die huislike omgewing en die ouderdom van die ouers.

11.11.6 Finansiering vir die instandhouding van die sentrums (vergelyk par. 8.8)

Voor 1 April 1975 was die belangrikste finansieringsbronne die volgende: R2 subsidie per kind per dag deur die Departement van Gesondheid, fondsinsamelingsprojekte deur die ouers, donasies van openbare instansies en sinodale kollekte van verskeie kerke.

11.11.7 Groeperingskriteria vir die opleibare geestelik vertraagde kinders (vergelyk par. 9.2)

Uit vraelysresponse (vergelyk tabel 9.1) blyk dit dat 27% van die totale aantal respondente intelligensiekwosiënt as 'n belangrike kriterium vir groepering in die sentrum beskou. Slegs 36% van die totale aantal opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders in 68% van die sentrums, se I.K.'s is aan die personeel bekend. Chronologiese ouderdom word deur 73% respondente, verstandsouderdom deur 32%, visueel-motoriese vaardighede deur 45% en sosiale aanpassing deur 50% van die respondente as belangrike kriteria vir die groepering van die opleibare geestelik vertraagde kinders beskou.

11.11.8 Verskille in vaardighede tussen groepe Downsindroom- en nie-Downsindroom opleibare geestelik vertraagde kinders in die algemeen (vergelyk par. 9.3)

Volgens 40% van die totale aantal respondente vertoon die visueel-motoriese vaardighede van die Downsindroomkind dieselfde vlak van funksionering as ander opleibare geestelik vertraagdes in die sentrum. Downsindroomkinders word deur 18% respondente as swakker as ander opleibares in hierdie vaardighede beskou. Wat selfsorg vaardighede betref, word die Downsindroomkind deur 5% van die sentrums as baie beter, 10% as beter, 40% as dieselfde en 5% as swakker as ander opleibares in die sentrums beskou. In skolas-tiese werk gradeer 40% respondente die Downsindroomkind as dieselfde, 10% as swakker en 5% as baie swakker as ander opleibares in die sentrums. Die Downsindroomkind word deur 18% respondente as baie beter, 23% as beter, 14% as dieselfde en 5% as swakker in sosiale aanpassing in vergelyking met

ander opleibare geestelik vertraagdes beskou.

11.11.9 Kriteria vir die bevordering van alle opleibare geestelik vertraagdes (vergelyk par. 9.4)

Volgens vraelysresponse (vergelyk tabel 9.5) word visueel-motoriese vaardighede as die belangrikste kriterium vir bevordering na die volgende groep beskou. Sosiale aanpassing word deur die meeste sentrums as die tweede belangrikste kriterium beskou. Chronologiese ouderdom word as die tweede belangrikste eerste keuse gegradeer.

11.11.10 Die noodsaaklikheid vir 'n spesiaal aangepaste opleidingsprogram vir die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind (vergelyk par. 10.2)

Vanuit vraelysresponse (vergelyk tabel 10.1) verklaar 40% respondente dat daar 'n spesiale of aangepaste opleidingsprogram vir die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind saamgestel moet word. 'n Verdere 40% respondente het egter tot die gevolgtrekking gekom dat Downsindroomkinders dieselfde program (sonder aanpassing) as ander opleibare geestelik vertraagdes in die sentrum kan volg, terwyl 20% respondente geen respons op hierdie item gelewer het nie.

Omdat daar egter bo alle twyfel uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek vasgestel is dat die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind spesifieke agterstande en besondere vordering in bepaalde vaardighede in vergelyking met ander opleibare geestelik vertraagdes toon, word die gevolgtrekking gemaak dat die Downsindroomkind se program aangepas moet word om geleentheid vir meer stimulering in die agterstande moontlik te maak.

11.11.11 Verskille in vaardighede by Downsindroomkinders van dieselfde chronologiese ouderdom (vergelyk par. 10.3)

Uit response (vergelyk tabel 10.2) blyk dit dat 45% respondente groot individuele verskille tussen Downsindroomkinders van dieselfde chronologiese ouderdom opmerk, 32% respondente geen merkbare verskille in vaardighede vasgestel het nie en dat 23% respondente geen respons op hierdie item gelewer het nie.

Dit word aanvaar dat daar individuele verskille by Downsindroomkinders voorkom, maar spesifieke agterstande in motoriese vermoëns, gehoor, spraak en tassin kom in 'n mindere of meerdere mate by alle opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders voor.

11.11.12 Meetmiddels om die funksioneringsvlak van bepaalde vaardighede vas te stel (vergelyk par. 10.4)

Die volgende meetmiddels word deur die verskillende opleidingsentrums gebruik om die funksioneringsvlak van intelligensie te bepaal (vergelyk tabel 10.3): die Individuele Skaal van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, die Goodenough-Draw-a-Man Test, die Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal, die Merrill Palmer Scale, die Wechsler Intelligence Scale for Children en die Stanford-Binet Intelligence Scale. Die Vineland Social Maturity Scale word gebruik om sosiale vaardighede te meet. Hierdie skale is in hoofstuk 10 kortliks bespreek en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die Stanford-Binet Scale, Merrill Palmer Scale en Goodenough-Harris Drawing Test (verwerking van die Goodenough-Draw-a-Man Test) na aanpassing vir Suid-Afrikaanse omstandighede as verstandskale gebruik behoort te word om die kategorieë: opvoedbares, opleibares en onopleibares van mekaar te onderskei.

Die Vineland Social Maturity Scale kan saam met die Gunzburg P-A-C gebruik word om die gevorderdheid in die volgende vaardighede by opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders te bepaal: self-help,

liggaamsbeeld en persepsuele ontwikkeling, kommunikasie, sosialisering en beroepsmatige aktiwiteite. Nadat vraelysresponse met betrekking tot aktiwiteite waarop besondere klem in die opleidingsprogram gelê moet word, aangebied is (vergelyk tabel 10.4), is 'n opleidingsprogram vir die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind uiteengesit (vergelyk par. 10.5).

11.11.13 Opleibaarheid (vergelyk par. 10.6)

Vraelysresponse (vergelyk tabel 10.5) het aangetoon dat die verstandsonderdom van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind verhoog kan word deur 'n opleidingsprogram wat rekening hou met sy spesifieke agterstande en besondere gevorderdheid in bepaalde vaardighede (bv. sosiale aanpasbaarheid). Die Downsindroomkind is daarom in 'n hoë mate opleibaar.

11.12 Aanbevelings

Uit die bestudering van beskikbare literatuur oor die Downsindroomkind en gegewens wat verkry is uit die empiriese ondersoek, kan bepaalde gevolgtrekkings gemaak word wat van besondere betekenis is vir die opleiding van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind. Die volgende aanbevelings in verband met opleidingsgeleenthede, groeperingskriteria en opleidingsprogramme kan hieruit gemaak word.

11.12.1 Aanbevelings met betrekking tot opleidingsgeleenthede vir die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind

Deur beheer en/of toesig van die Departement van Nasionale Opvoeding oor die opleiding van die geestelik vertraagde in alle opleidingsentrums, moet deur inspeksie verseker word dat die maksimum opleibaarheid van elke kind bepaal en ten volle benut word. Met betrekking tot opleidingsgeleenthede word aanbeveel dat:

- a. kleuter- of voorbereidingsentrums opgerig moet word vir die opleibare geestelik vertraagde (3 - 6 jr.), omdat die Downsindroomkind in die

besonder kragtige en volgehoue, gespesialiseerde stimuleringsnodig het om die hipotoniese liggaamshouding te verbeter, wat so as snelle meganisme optree vir die ontwikkeling van veral die visuele, motoriese, gehoors-, spraak- en taalontwikkeling van die Downsindroomkind. Die gevorderdheid in vaardighede kan hierdeur met toetrede tot die opleidingsentrum op 6 jr. reeds op 'n veel hoër standaard wees as wat in die algemeen die geval is.

Daar word beplan om sentrums vir die onopleibare geestelik vertraagde kinders en werksentrums vir die opleibare geestelik vertraagdes, wat die opleidingsentrum op 18-jarige ouderdom verlaat, op dieselfde terrein as die opleidingsentrums te vestig (Van Niekerk, Simposium te Witrand, September 1975). Die Departement van Gesondheid en Departement van Volkswelsyn is respektiewelik vir die sentrums vir onopleibares en werksentrums verantwoordelik. Alhoewel hierdie twee sentrums (vir onopleibares en werksentrums) van groot belang is, word die daarstelling van kleuter- of voorbereidingsentrums as die hoogste prioriteit op die huidige tydstip beskou;

- b. die aanpassingsklas of -groep 'n plek in die sentrumafdelings behou, veral vir Downsindroomkinders wat spesifieke agterstande in motoriese vaardighede en taalontwikkeling ondervind en kinders wat vir 'n lang tydperk van die sentrum afwesig is as gevolg van siekte en so agter geraak het met betrekking tot hul eie individuele ontwikkeling, sowel as in sekere groepsaktiwiteite. Die ander kinders in die groep vereis die individuele aandag van die onderwyseres in so 'n mate dat sy nie altyd die tyd kan vind om aan dié kinders wat om een of ander rede agtergeraak het, genoegsame hulp te verleen nie;
- c. 'n spraak- en arbeidsterapeut tot die personeel van die opleidingsentrum toegevoeg moet word om veral aandag aan die spesifieke spraak- en motoriese agterstande van die Downsindroomkind te gee. Hierdie twee personeellede kan veral kinders uit die aanpassingsklas, wat deur die hoof na hulle verwys word, hanteer;

- d. die grootte van die groepe in die opleidingsentrums nie 10 kinders sal oorskry nie. Die beginsel van individualisering kan nie prakties geïmplementeer word indien daar meer as 10 kinders in die groep is nie;
- e. ouers wat die moontlikheid oorweeg om die geestelik vertraagde kind in 'n inrigting te laat versorg, eers 'n genetiese raadgewer van die Suidelike Afrikaanse Vereniging vir Oorgeërfde Siektes in Pretoria, Johannesburg, Windhoek of Kaapstad sal raadpleeg vir deskundige advies. Hierdie aanbeveling word gegrond op die feit dat die literatuur 'n groot aantal voorbeelde ophaal van die tradisionele opvatting dat die "Mongool" in 'n inrigting tuishoort.

11.12.2 Aanbevelings in verband met groeperingskriteria vir die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind

Uit die empiriese ondersoek het dit geblyk dat slegs 36% van die totale aantal Downsindroomkinders in die sentrums se I.K.'s aan die personeel bekend is. Hierdie feit getuig van geen of swak skakeling tussen die sielkundige wat die kind as onopvoedbaar gesertifiseer het en die bepaalde sentrum. Om hierdie probleem te bowe te kom, word aanbeveel dat:

- a. die dokumente wat betrekking het op die verklaring van onopvoedbaarheid van 'n kind na die Sekretaris van die Departement van Nasionale Opvoeding gestuur word, vanwaar dit deur die hoof van die opleidingsentrum aangevra kan word wanneer 'n kind vir opname by 'n sentrum aanmeld;
- b. die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind met sertifisering as onopvoedbaar aan 'n deeglike fisiologiese en psigologiese ondersoek onderwerp moet word. Met die fisiologiese ondersoek moet veral vasgestel word of daar merkbare gesigs- en gehoorsdisfunksie, 'n hartdefek en belemmerende sensories-motoriese afwykings teenwoordig is. 'n Spraakterapeut moet op hierdie stadium die vlak van spraak- en taalontwikkeling vasstel.

In die psigologiese ondersoek moet psigometriese toetse toegepas word om die vlak van sosialisering, kommunikasie, selfsorg en visueel-motoriese vaardighede vas te stel. Die klem val nie hier op vermoë met die oog op 'n prognose van die kind se toekomsmoontlikhede nie, maar slegs op die graad van ontwikkeling van die verskillende vaardighede;

- c. indien die fisiologiese en psigologiese ondersoeke aantoon dat daar groot agterstande is in sekere vaardighede, wanneer dit vergelyk word met dié van ander opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders van dieselfde chronologiese ouderdom, kan sy opleidingsprogram daarvolgens uitgewerk en voortdurend aangepas word;
